



**DIE KINDERLEKTUUR-
SITUASIE IN SUID-AFRIKA
EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN
VIR DIE OPLEIDING VAN DIE
BIBLIOTEKARIS**

C.A. Lohann

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp as Hoogleraar in die departement Biblioteek- en Inligtingkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op Vrydag 11 Augustus 1978

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1978

DIE KINDERLEKTUURSITUASIE IN SUID-AFRIKA EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE OPLEIDING VAN DIE BIBLIOTEKARIS

In die wêreld van die kind speel sy lektuur 'n groot rol. Hoewel navor-sing bewys het dat kinders aan die leesaktiwiteit dikwels nie dieselfde hoe-veelheid tyd bestee as aan sommige ander aktiwiteite nie (soos deelname aan sport, kyk na televisieprogramme, ensovoorts), kan nie een van die ander aktiwiteite die plek van lees inneem nie. Biblioteekkundiges en op-voedkundiges is dit lankal eens dat die kind as leser gevorm word deur die lektuur wat hy lees. Die vormende waarde van lektuur word gewoonlik dan ook voorop gestel. Dit is natuurlik so dat leesstof meehelp om die kind geestelik te laat groei tot volwassenheid, maar daar is 'n ander aspek wat gewoonlik uit die oog verloor word (en dit is oënskynlik 'n teenstrydig-heid), naamlik dat die kind se lektuur 'n bydrae moet maak tot sy kind-wees, dat dit hom moet help om kind te bly in die grootmens-wêreld waar-in hy hom bevind. Goeie kinderlektuur groei uit die kinderwêreld. Die skrywer van 'n goeie kinderboek het in sy volwassenheid ook nog die es-sensiële uit die kindertyd behou, sodat hy die wêreld van die kind kan her-skep en kan laat leef. In sy lektuur word die kind bewus daarvan dat sy wêreld net so werklik as die wêreld van die volwassene is. Die kind se vre-se, sy vreugdes, sy frustrasie, sy ekstase is net so werklik as dié van die vol-wassene, al verskil dit daarvan, en in sy lektuur maak hy verder met hier-die ander werklikheid kennis en word sy eie waarnemings, belewenisse en gevoelens *bevestig*.

Albei hierdie aspekte, naamlik in die eerste plek die waarde van kinder-lektuur vir die geestelike groei en ontwikkeling van die kind, en tweedens om aan hom as kind juis die kinderwêreld verder te openbaar, verdien aan-dag in die opleiding van die bibliotekaris. Die kinderlektuur en die bete-kenis daarvan vir die kind behoort 'n belangrike studieterrein te vorm in die opleiding van alle bibliotekarisse wat met die kind as leser of biblio-teekgebruiker, gemoeid sal wees.

Uit wat nou gesê is, mag dit lyk asof die kinderlektuur slegs vir biblio-tekarisse en biblioteekkundiges as studieterrein afgebaken word. Dit is na-tuurlik nie so nie. Opvoedkundiges, letterkundiges en andere kan ook as-pekte van die kinderlektuur bestudeer. Ongelukkig is daar nog in Suid-Afrika by baie letterkundiges die houding dat daar vir kinderlektuur, of in hulle geval die kinderliteratuur, nie soveel aandag nodig is as vir literatuur vir volwassenes nie. Dit blyk miskien die duidelikste uit die leerplanne vir

die verskillende letterkundekursusse aan feitlik al die Suid-Afrikaanse universiteite: geen (of baie min) aandag word aan die bestudering van die kinderliteratuur as sodanig gegee, in elk geval nie op die voorgraadse vlak nie. Dit het tot gevolg gehad dat sommige biblioteekkundiges, verkeerdelik, die bestudering van kinderlektuur hulself toegeëien het, en dat sommige selfs sover gegaan het om die houding in te neem dat letterkundiges nie oor kinderliteratuur kan, of durf oordeel nie. Op hierdie wanopvatting het 'n letterkundige van formaat, iemand wat as letterkundige wél ook in die kinderliteratuur belangstel, gereageer. In die *Transvaler* van 1 Mei 1972 maak 'n literator (hy is verbonde aan die PU vir CHO) naamlik soos volg in 'n *anonieme artikel* beswaar: „Die kinder- en jeugboek is 'n integrale deel van die letterkunde, en hoewel ek weet dat my oordeel in hierdie opsig net so feilbaar en relatief is as oor watter ander soort literatuur, is dit my goeie reg om oor enige kinderboek 'n wetenskaplike mening uit te spreek ... Met 'n voorraad literatuurkundige kennis, smaak en lewenservaring, onder meer van kinders, kan ons dalk net so gesaghebbend of beter oordeel as die imperialistiese kinderboekspesialis” (Anon., 1972). Dat die kinderlektuur as studieterrein 'n wyer aandag as net dié van die biblioteekkundiges verdien, is dus duidelik. Die standpunt van bogenoemde literator behoort deur alle biblioteekkundiges verwelkom te word. Dit is jammer dat daar nie méér Suid-Afrikaanse literatore is wat hierdie standpunt openlik huldig nie! Dié gebrek aan belangstelling bring mee dat die goeie kinderboek in Suid-Afrika nie die nodige aandag ontvang nie, dat daar te min propagering is vir die kinderboek van gehalte. By lektuur vir volwassenes word daar deur owerhede 'n stryd gevoer teen pornografie, teen onweloweglikhede en ongewensthede. In die kinderlektuur móét die stryd gevoer word teen lae gehalte, teen snert wat skadelik is vir die vorming van goeie leessaak. Dit is ongelukkig so dat 'n groot persentasie van ons kinderlektuur nie aan die vereiste standaarde voldoen nie. Selfs die eerste kinderboek in Afrikaans, hoewel dit betekenis het, was nie 'n werk van hoogstaande gehalte nie. Dit is gepubliseer in 1873 en was nie 'n oorspronklike werk in die gewone sin van die woord nie, maar 'n oorvertelling van een van die interessantste en mooiste gebeure uit die Ou Testament. C.P. Hoogenhout vertel naamlik „Die geskiedenis van Josef voor Afirkaanse kinders en huissouwens in hul eige taal”, en sy poging om dit vir kinders meer verstaanbaar te maak as wat dit in die waardige Nederlands van die Bybel weergegee word, laat die aanhef só klink: „Om met Josef goed bekend te worde mot ons eers een paar woorde oër sýn famielje praat. Sýn vader sýn oupapa was Abraham. Hý was een man soo

als daar min op die wêreld gelewe het.

Op een gebod van God het Abraham sy land (Ur) verlaat, en is na Kanaän gekom, om daar as een vreemdeling te woon; omdat die mensche in sy land afgode gedien het. Hy was een banja vroom man, want reken hy wort in die Bybel genoemd de Vader der geloovigen en de vriend van God" (Hoogenhout, 1958, p. X).

Hierdie eerste kinderboek was *beskeie* omdat C.P. Hoogenhout geen groot woordkunstenaar was nie. Dit was egter *betekenisvol* dat die eerste kinderboek in Afrikaans juis 'n vertelling uit die Bybel moes wees, die Bybel wat van vroeg af reeds so 'n belangrike rol gespeel het in die lewe van ons voorgeslachte. Na hierdie begin het daar weinig vordering plaasgevind in die res van die negentiende eeu. Die eerste twee dekades van die twintigste eeu word gekenmerk deur kinderlektuur waaruit 'n sterk vaderlandsgevoel blyk. Die beste voorbeeld hiervan is Reenen J. van Reenen se „Riena Rein: die storie van 'n Afrikaanse pop" wat in 1917 by Het Volksblad-Drukkery in Bloemfontein verskyn het. Riena, die Afrikaanse pop, word verwaarloos ter wille van 'n ingevoerde pop, Sadie Buiteland, en daardeur word die leser se simpatie vir die eie gewek.

In die verdere ontwikkeling van die Afrikaanse kinder- en jeuglektuur figureer die Christelike nie baie sterk nie. Hoewel die Bybel self 'n ryke skat van stof bevat wat in oortelende vorm geslaagde kinderboeke sou kan vorm, kom dit feitlik glad nie in hierdie vorm voor nie. Dit kan miskien toegeskryf word aan die opvatting dat die Bybel ongeskonde en suiwer gehou moet word. Dit is ook natuurlik noodsaaklik om Gods Woord *self*, eerder as verwerkings daarvan, sodra die kind dit kan inneem, aan hom voor te hou. Maar dit neem nog nie weg dat daar vir die kleiner kind met sy beperkte begripsvermoë baie min vertellings van gehalte uit die Bybel is nie. Dit moet as 'n tekortkoming gesien word.

Wat wél baie goed verteenwoordig in ons kinder- en jeuglektuur is, is die talle werke met ons natuur- en dierewêreld as tema. Die meeste hiervan ontstaan in die eerste helfte van die eeu, en skrywers soos Sangiro, Die Hobson-broers en P.J. Schoeman bied aan kinders en jeugdige leersstof, waardeur belangstelling in en liefde vir die eie gekweek word.

Vanaf die vyftigerjare van hierdie eeu het 'n nuwe tydperk aangebreek, 'n bloeitydperk vir ons kinderlektuur. Dit het begin met 'n aksie wat deur baie gekritiseer is, naamlik die vertaling in Afrikaans van voorbeelde van die beste buitelandse kinderlektuur. Dit is duidelik waarom hierdie aksie nodig was. Die Afrikaanssprekende bevolking was betreklik klein, ongeveer twee miljoen. Die Engelssprekendes *oor die hele wêreld* geneem, dit

wil sê in die VSA, Engeland, Australië en ander gebiede, was in daardie tyd meer as driehonderd miljoen. Die Duitssprekendes was negentig miljoen, die Franssprekendes sestig miljoen en die Nederlands-Vlaamse groep agtien miljoen. Op grond van ons klein getalle lewer ons min kinderboekskrywers op, hoewel ons kan aanneem dat ons gemiddeld per eenheid van die bevolking nie minder of meer as enige ander volksgroep elders oplewer nie.

Ons kinderboekproduksie is derhalwe klein en moes aangevul word. Presies dieselfde gebeur ook in ander lande met betreklik klein bevolkings, soos Noorweë met sy ongeveer vier miljoen inwoners. Selfs in 'n land soos Swede met 'n bevolking dubbel so groot as dié van Noorweë, is in 1970 byvoorbeeld slegs 179 oorspronklike Sweedse kinderboeke gepubliseer (herdrukke uitgesluit), terwyl uit Engels alleen 212 vertalings in Sweeds in daardie jaar gepubliseer is. In Sri Lanka is die toestand nog meer onbevredigend. Vanaf die sestigerjare, toe daar minstens gemiddeld 100 kinderboeke per jaar gepubliseer is, was daar 'n voortdurende afname in die aantal titels, totdat daar in die jaar 1976 slegs 21 kinderboeke gepubliseer is. In Bangladesh met sy 73 miljoen inwoners bestaan daar in totaal minder as 200 kinderboeke in Bengali, en volgens Halima Khatun (Khatun, 1978, p. 2), 'n kenner van Bengaalse kinderlektuur, is die meeste hiervan nie werk van gehalte nie. Ook in lande soos die VSA en Wes-Duitsland, waar die plaaslike kinderboekproduksie in 'n groter mate voldoende is om in die behoeftes te voorsien, is dit praktyk om van die beste kinderlektuur uit ander tale in Engels en Duits te vertaal.

Die besware wat in Suid-Afrika teen vertalings geopper is, kom in hoofsaak daarop neer dat die vertaalde boek die inheemse boek sou verdring. Volgens hierdie kritici sou die *aantal* vertaalde boeke meebring dat die inheemse boeke verswelg word, en in die tweede plek sou die *gehalte* van die vertaalde lektuur die inheemse produk alle bestaansreg ontsê.

Aan die ander kant het die voorstanders van die aksie aangevoer dat die vertaalde kinderboek 'n heilsame invloed kon laat geld. Nie alleen bring dit die beste uit ander tale tot die Afrikaanse kind nie, maar dit kon ook as aanspooring dien vir ons eie skrywers en uitgewers om werk van gehalte te lewer.

Nou, 'n kwarteeu later, is dit moontlik om met groter perspektief 'n terugblik te verkry. Die voorspelling dat die inheemse kinderboek verdring sal word is *nie* bewaarheid nie. Die aantal Afrikaanse kinderboeke het juis vanaf die vyftigerjare toegeneem, en ook die gehalte daarvan het merkwaardig gestyg. Getuienis hiervan is die werk van Alba Bouwer, Freda Linde, Hester Heese, Rona Rupert en andere. Ook ons uitgewers het by die vertaalaksie gebaat. Nie alleen het die boeke wat vertaal word vir die

uitgewers as voorbeelde van fisies goedversorgde, kwaliteitsuitgewes gedien nie, maar ook finansiële het hulle daarby gebaat as gevolg van groter omset en uitgebreide belangstelling.

Dit is geen wonder dat die vertaalde kinderboeke soveel aandag geniet het nie. Die meeste daarvan is van 'n besonder hoë gehalte, wat onder andere blyk uit die toekennings wat dit in die oorspronklike taal ontvang het. So is daar Heinrich M. Denneborg se *Jan en die Wildeperd* (oorspronklike titel *Jan und das Wildpferd*), wat in 1958 bekroon is met die bekende Deutsche Jugendbuchpreis. *Latte Igel und das Wasserstein* van S. Lybeck (in Afrikaans *Die dapper rolvark*) is met dieselfde prys in 1959 bekroon. Die gesogte internasionale prys wat in Frankryk ontstaan het, die Prix Enfance du Monde, is in 1959 verower deur L.N. Lavolle vir sy kinderboek *Nuno, de Nazaré*, in Afrikaans bekend as *Nuno, die visserseun*. In Swede is die Nils Holgerssenprys toegeken aan *Hemlig resa*, geskryf deur Harry Kullman, wat in Afrikaans *Die geheime reis* heet. Die Hans Christian Andersenprys is die grootste internasionale kinderboektoekenning ter wêreld. Van verskeie weners daarvan het ons boeke in Afrikaans, soos Meindert de Jong, gebore in Friesland en tans woonagtig in die VSA, met sy *Tien Pao en sy sestig vaders*, *Die Wiel op die Skool*, *Perd uit die Storm*, en van José Maria Sanchez-Silva sy onoortreflike Spaanse verhaal *Adios Josefina*, in Afrikaans bekend as *Die seun en die walvis*. Hierdie enkele voorbeelde (en daar is talle ander) beklemtoon die stelling dat van die beste en mooiste kinderboeke ter wêreld ook vir die Afrikaanse kind toeganklik geword het. Dat die bibliotekaris in sy opleiding hiermee in aanraking gebring word, is natuurlik ook betekenisvol.

'n Tweede aksie, wat ook in die vyftigerjare begin het en ook 'n groot invloed op ons kinderlektuursituasie uitgeoefen het, was die instelling van kinderboektoekennings in Suid-Afrika deur verskeie belanghebbende liggame.

Die eerste hiervan het ontstaan deur die toedoen van 'n Potchefstroomer, mnr. Fred L. Scheepers, destyds senior onderwyser in Afrikaans aan die Hoërskool Gimnasium. Hy het naamlik 'n bedrag aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geskenk, sodat jaarliks uit die rente 'n toekenning gemaak kan word aan die skrywer van 'n Afrikaanse jeugboek. Dié toekenning, wat die *Scheepersprys vir Jeuglektuur* genoem word, het in 1955 ontstaan, en een van die belangrikste voorwaardes was dat die bekroonde werk „van 'n goeie letterkundige en/of opvoedkundige gehalte moet getuig en die boek moet staan in die teken van egte Afrikanerkeraktereenskappe en nasietrots”. Die laaste gedeelte van die voorwaarde word duidelik, as in aanmerking geneem word dat Scheepers 'n stoere volksman

en vegter vir sy taal was. In 1917, byvoorbeeld, toe hy hoof was van die plaasskool te Elandskuil, is op sy versoek en aandrang Afrikaans as voertaal vir die st. 6-eksamen gebruik, wat toegang tot die hoërskool verleen – die eerste skool in die land om Afrikaans vir hierdie doel te gebruik. Scheepers se doel met die instelling van hierdie prys was sonder twyfel om die jeuglektuur te bevorder. Hy sê dan ook tydens die halfeeufes van die Akademie in 1959: „Ons het gevoel ons wil 'n letterkundeprys skenk – uit louter dankbaarheid vir wat daar vandag vir ons mense te lees is. In ons jong jare was dit anders. En ons het gevoel ons wil dit graag aan die skeppers van meer bepaald jeuglektuur gee, want dit is net as ons kinders met hul eie goeie Afrikaanse boeke grootgeword het dat hul geen smaak vir ander, minderwaardige goed aankweek nie” (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1959, p. x).

Dat hierdie toekenning inderdaad erkenning verleen het aan werk van gehalte van ons jeugboekskrywers, en dat hierdie skrywers deurgaans ook liefde vir die eie by die leser aanwakker, blyk uit die name van die pryswenners: daar is P.J. Schoeman met sy uitbeelding van die veld- en dierelewe, Mikro met sy verhale van die Boerekrygers, G.J. Joubert met sy groot liefde vir die grond, I.D. du Plessis, P.H. Nortjé, H.J. Vermaas, Anna M. Louw, Freda Linde en Ben Venter – almal skrywers wat op een of ander wyse 'n bydrae tot die jeugverhaalskat in Afrikaans gelewer het.

Die waarde van die Scheepersprys lê nie in die geld wat elke wenner as prys ontvang nie, maar dit is veral die prestige-waarde wat groot is. Die keuring vir hierdie toekenning word deur die *Letterkundige Kommissie* gedoen, wat ook verantwoordelik is vir die keuring vir die Hertzogprys. Hoewel die toekenning van die Hertzogprys al dikwels in die verlede van verskeie kante bevraagteken is, bly dit 'n feit dat die Letterkundige Kommissie bestaan uit van die mees vooraanstaande literatore in die land.

'n Tweede voorbeeld van 'n toekenning wat 'n groot invloed op die kinderlektuursituasie uitgeoefen het, is die C.P. Hoogenhouttoekenning wat toegeken word deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Die uitwerking van dié toekenning kon nog verder strek as dié van die Akademie-toekennings, want nie net die letterkundige gehalte en ander aspekte van die teks is beoordeel nie – ook die illustrasies en fisiese versorging word aan hoë standarde gemeet. Benewens aanmoediging aan die outeurs, is dus ook boek-illustrators en uitgewers aangespoor om werk van gehalte te lewer. Dat hoë eise gestel word, blyk uit die feit dat in die agtien jaar van die bestaan van dié toekenning dit ses keer *nie* toegeken is nie omdat geen boek in daardie betrokke jare aan die hoë eise voldoen het nie.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging verleen ook aanmoediging aan nie-pryswenner deur kinderboeke wat van 'n besondere gehalte is maar nie heeltemal die vereiste standaard vir bekroning bereik het nie, *eervol te vermeld*. Dit toon aan dat, met die nodige ontwikkeling, hierdie outeurs en illustrators potensiele pryswenner kan word.

Toekennings het in die afgelope twee dekades veel gedoen vir die ontwikkeling van ons kinder- en jeuglektuur. Dit het nie net standarde gestel nie, maar ook die aandag van lesers, bibliotekaris en alle ander opvoeders op verdienstelike lektuur gevestig. Die rol wat toekennings in die vorming van ons kinderlektuur speel is dus 'n aspek wat deur studente in die biblioteekkunde bestudeer *moet* word.

Nog 'n faktor wat die huidige kinderlektuursituasie help vorm het, is die beperkinge ten opsigte van boekproduksie in Suid-Afrika. Omdat die afsetgebied klein is, beperk die uitgewers die oplae meesal tot 'n skamele twee- of drieduisend eksemplare. Die meeste hiervan vind hulle weg na biblioteke, want die gemiddelde individuele Suid-Afrikaner is *nie* bekend as 'n groot boek koper nie. Uitgewers poog ook gewoonlik om die produk-siekoste so laag moontlik te hou om daardeur té hoë pryse te voorkom. Kinderboeke word gewoonlik in Suid-Afrika nie in volkleur gedruk nie. Uitgewers vind dit ekonomies om van hoogstens twee kleure gebruik te maak. Daar kan veel vermag word hiermee, veral wanneer dit op verskillende wyses gekombineer word, maar dit bring tog mee dat ons eie kinderboeke nie werklik in hierdie opsig met die buitelandse produk kan meeding nie.

'n Besondere bydrae tot die ontwikkeling van die kinder- en jeuglektuur het van die onderwys in Suid-Afrika gekom. Nie alleen het die uitbreiding van skoolbiblioteekdienste leesgeleenthede vir leerlinge geskep nie, maar die stelsel van voorgeskrewe boeke het ons uitgewersbedryf 'n stoot vorentoe gegee. Om 'n voorbeeld te noem: Van *Uit oerwoud en vlakke* deur Sangiro, het meer as 30 drukke verskyn en is meer as 100 000 eksemplare verkoop, omdat dit landswyd by 'n groot aantal skole as voorgeskrewe boek gebruik is en tans nog gebruik word. Dit maak van hierdie werk die tweede beste verkoper in Suid-Afrika, wat oortref word slegs deur die Afrikaanse Bybel, waarvan daar in die vyftigerjare reeds meer as 1 086 000 eksemplare verkoop is. Skrywers wat vandag baie bekend is, soos die Hobson-broers, D.F. Malherbe, C.M. van den Heever en Mikro het hulle bekendheid onder 'n groot deel van die bevolking te danke aan die feit dat van hulle werke op skool voorgeskryf word.

Tot dusver is melding gemaak van verskeie aspekte wat die ontwikkeling van ons kinderlektuur geraak het en nog raak. 'n Vraag waaraan egter nog

nie aandag gegee is nie, is: in watter mate is ons eie kinderlektuur Afrikaans, of selfs Suid-Afrikaans? Sedert die Tweede Wêreldoorlog is daar in 'n groter mate as tevore 'n gelykmakingsproses aan die gang, waardeur grense op alle terreine tussen volke vervaag, sodat die nasionale kwyn en die internasionale floreer. Die *neutrale* geniet voorrang, dikwels onder die dekmantel van die universele. In verskeie kunste, soos die argitektuur, die skilderkuns, die grafiese kuns, die beeldhoukuns, is daar vandag oënskynlik min wat dit onlosmaaklik koppel aan 'n spesifieke land of volk. Die kuns het in 'n groter mate neutraal geword, en alles wat neutraal is, of dit nou kuns of wetenskapsbeoefening of lewens- en wêreldbeskouing is, boet in aan kleur en karakter en betekenis.

Die literatuur, en in besonder kinderliteratuur, toon gelukkig nog in 'n groot mate 'n verbondenheid aan die nasionale, aan dit wat eie is aan die volk, die kultuur waaruit dit voortspruit. Mary Ørvig, direkteur van die Sweedse Instituut vir Kinderboeknavorsing in Stockholm sê byvoorbeeld: „A first class book can be untranslatable, because it is on a wave length that another country's receivers cannot pick up” (Ørvig, 1972, p. 23). Hierdie golfengete waarvan sy praat, word geskep deur die eie milieu, die lewens- en wêreldbeskouing wat eie is aan die volk waaruit die literatuur ontstaan het. Oor die hele wêreld is in die werk van groot kinderboekskrywers landskap, mens en gebeure stewig geanker in die land van oorsprong. Om enkele voorbeelde te noem: Colin Thiele, die bekendste Australiese kinderboekskrywer en uitbeelder van die atmosfeer van die Australiese landskap, beskryf die suidelike kusgebied van Australië as 'n wilde stuk wêreld, 'n woesteny van sand en graspolle waaroor die wind sonder ophou waai, en hierin plaas hy mens en gebeure. Franz Braumann beeld weer die skrikaanjaende verlatenheid van die Sailjoegen-berge in die Mongoolse landskap uit. Die jagter, met sy klere van grys leer en hoë stewels van Russiese snit, pas in hierdie landskap en nêrens anders nie. In *Emile* beeld Astrid Lindgren die Sweedse lewenswyse in 'n landelike omgewing uit, sodat hierdie eintlik 'n spieëlbeeld word van die volkskultuur uit die verre Noorderlande. Elizabeth Yates beskryf die pionierstyd in Noord-Amerika, 'n tydperk wat ooreenkoms toon met die tyd van die Groot Trek in ons eie land. Eg Duits, wat inhoud en atmosfeer betref, is die werk van Reiner Zimnik, Hertha von Gebhard en Ursula Wölfel, en onmiskenbaar Skandinawies dié van Selma Lagerlöf, Viktor Rydberg, Tove Jansson en Ulf Löfgren.

En nou, ons eie kinderlektuur. Natuurlik is daar skrywers wat, soos ons by die Scheepersprysweners gesien het, 'n sterk vaderlandsliefde in hulle

werke openbaar. Maar daar is ook nog tekortkominge. Afgesien van 'n enkele kinderboek oor die Groot Trek, geskryf deur M.E.R., naamlik *Die tweeling trek saam*, wat reeds in 1920 verskyn het, is daar geen ander kinderboek van gehalte wat hierdie tydperk uit ons volksgeskiedenis as tema het nie — 'n tydperk met dramatiese hoogtepunte en boeiende gebeure. Daar is niks verder wat die bewoënheid, of die vasberadenheid en die doelgerigtheid, of die sterk geloofsvertroue wat dié groot gebeurtenis in ons geskiedenis kenmerk, vir die kind uitbeeld nie.

'n Verdere gebrek in ons kinderlektuur is 'n tekort aan werke waarin die regte gesindhede gekweek word. As Christene het ons 'n *ei*e siening van byvoorbeeld die dood. Nou bestaan daar nog by baie persone in Suid-Afrika, gemoeid met die kinderlektuur, die eienaardige opvatting dat die dood nie 'n plek *mag* hê in die kinderverhaal nie. Hans Christian Andersen, die groot Deense sprokieskrywer, het reeds in 1835 in sy eerste sprokiesbundel met die titel *Eventyr fortalte for Børn* aan die kind meegedeel dat die dood slegs 'n deurgang is na 'n ander lewe.

In ons *ei*e kinderlektuur het ons nog nie die geleentheid benut om hierdie siening by ons kinders tuis te bring nie.

Die enkele voorbeelde hierbo genoem, moet dien om aan te dui dat die Christelike en die nasionale nog nie in ons kinderlektuur 'n regmatige plek ingeneem het nie. Hierdie situasie moet in die opleiding van die bibliotekaris die nodige aandag ontvang. Dat daar egter in die verlede te min aandag op akademiese vlak aan hierdie en soortgelyke probleme gegee is, blyk uit die talle vrae wat nog onbeantwoord gelaat is. Daarom is dit tyd dat verantwoordelike en belanghebbende instansies riglyne daarstel waarvolgens ons kinder- en jeuglektuur behoort te ontwikkel. In die verlede is daar slegs sporadies navorsing op hierdie terrein gedoen. Volgens beskikbare gegewens is daar sedert 1942 tot en met einde 1977 aan Suid-Afrikaanse universiteite 16 721 magister- en doktorsgrade toegeken. Hiervan het 'n skrale 15 in verband met die kinder- en jeuglektuur gestaan, en 10 van hierdie 15 het oor die kinder- en jeuglektuur *as sodanig gehandel*. Dit is egter duidelik dat daar toenemende belangstelling in hierdie studieterrein is, en verskeie nagraadse studente aan die PU vir CHO alleen is tans besig met studie en navorsing in hierdie rigting. Dit het tyd geword dat hierdie navorsing in Suid-Afrika gekoördineer word, en dat 'n navorsingsinstituut vir hierdie doel aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit gestig word waarvandaan die regte leiding kan uitgaan. Die feit dat daar nog geen sodanige koördinasie in die navorsing is nie, is 'n faktor wat belemmerend inwerk op ons kinderlektuursituasie.

Samevattend kan die volgende stellings gemaak word:

1. Die kinderlektuur in Suid-Afrika behoort bestudeer te word nie net in die biblioteekkunde nie, maar ook, en veral in 'n groter mate as wat dit tans die geval is, in die letterkunde, die opvoedkunde en ander dissiplines.
2. Die Suid-Afrikaanse kinder- en jeuglektuur word goed aangevul met vertalings uit die beste buitelandse lektuur, wat 'n heilsame invloed laat geld en ons inheemse produk bevorder. In sy opleiding maak die bibliotekaris ook kennis met van die beste kinderlektuur ter wêreld.
3. Toekenning aan kinder- en jeuglektuur in Suid-Afrika het standarde daargestel waaraan die lektuur gemeet kon word. Dit het verder gehaltelektuur onder die aandag van lesers, en diegene gemoeid met die leesaktiwiteite van kinders, gebring.
4. Sekere faktore bring mee dat Suid-Afrikaanse kinder- en jeuglektuur in beperkte opslae gedruk word. Hierdie faktore, en dit wat dit meebring, is stremmend vir die ontwikkeling en uitbreiding van ons kinder- en jeuglektuur.
5. Die gebruik van veral jeuglektuur as voorgeskrewe boeke op skool is bevorderlik vir uitgewers en outeurs, en dit het 'n basiese kennis van jeuglektuur by 'n groot deel van ons bevolking daargestel.
6. Daar is reeds tekens van 'n kinder- en jeuglektuur in Suid-Afrika met 'n eie-aard, maar die Christelike en nasionale moet nog hierin in 'n groot mate uitgebou word.
7. Dit is tyd dat navorsing in Suid-Afrika op die gebied van kinder- en jeuglektuur aangemoedig en gekoördineer word, sodat die verdere ontwikkeling daarvan in die regte rigting gestuur kan word. Dit is 'n groot verantwoordelikheid waarmee nie langer gewag moet word nie. Myns insiens kan die PU vir CHO, juis op grond van sy besondere karakter, in hierdie opsig in die toekoms 'n belangrike rol speel.

BIBLIOGRAFIE

ANON. 1972. Oor literatoure en die kinderboek. *Die Transvaler*, kol. 1-6: 14. 1 Mei.

HOOGENHOUT, C.P. (s.j.) Die geskiedenis van Josef, deur 'n Vriend (pseud.) en Catharina, deur Klaas Waarsegger, jr. (pseud). Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 101.

KHATUN, Halima. 1978. Children's literature – its problems in Bangladesh. *Bookbird*, 16(1):2.

LOHANN, C.A. 1972. Die bekroonde kinderboek en die aanvaarding daarvan deur die kind, met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Potchefstroom, PU vir CHO. 306 p.

ØRVIG, Mary, 1972. Children's books in translation: facts and beliefs. *School library journal*, 19(3):23. November.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 1959. Nuusbrief. Pretoria. 7p.